

6 Augustus Matteus 18:21-35, (Teks: 18:26-27 o-vert.)

Gee asseblief net 'n bietjie uitstel?

Wie het almal rekeninge by jou? Is daar mense wat jy van geen kant af ken nie, soos die regering, ongereformeerdes of verkrampes of mense wat jou maar net 'n pyn gee. Wat van bekendes soos vroulied? Ontplof jy gereeld? Smeul jy soos 'n muf komposhoop? Dan is jy soos die skuldenaar van vers 26 waarskynlik nog nie in God se koninkryk nie (vgl. verse 23a, 35)! Hy vra "Heer, wees *lankmoedig* met my, *en ek sal u alles betaal*". Soos in die Grieks, bestaan die woord *lankmoedig* uit twee dele: *moedig* en *lank*. Wat die skuldenaar in die eerste plek soebaat, is dat die skuldeiser tog moedig sal wees, of gevoel vir hom sal hê. En, hy kry baie meer as wat hy vra (vers 27a).

Die Griekse woord vir "innig jammer voel" verwoord 'n baie sterk emosie. Letterlik vertaal, beteken dit dat die heer se ingewande in beroering gekom het vir hierdie arme man. MAAR die skuldenaar vra ook: "*Wees lank-moedig*". Hy vra: Gee my tyd of uitstel en ek sal u alles betaal. En, weer kry hy baie "meer" as wat hy vra: Sy heer weier sy versoek! Afbetaal is absurd; hy skuld miljoene. Hy kry geen uitstel nie, maar word "losgelaat" en sy skuld "kwytskeld" (vers 27b).

MAAR hy aanvaar dit nie. Hy stap daar weg as iemand wat bloot uitstel vir onbetaalbare skuld gekry het. Hy WIL self betaal. Van genade verstaan hy niks. Daarom druk hy die lewensasem uit sy eerste debiteur. Daarom gee hy self nie eers uitstel nie; hy kan immers nie wag nie, want sy eie rekening is te enorm. Uit innige liefde het God sy Seun vir jou gegee om al jou skuld uit te wis. Getuig jou emosies daarvan dat jy dit glo?

Sing: Psalm 103:2
(Johannesburg-Wes)

Ds. J. Pretorius,